



'N VISIE VAN RAS EN RYK

Cecil John Rhodes is in 1853 in Engeland gebore en het in 1870 in Suid-Afrika aangekom. Teen 1880 het hy in Kimberley 'n fortuin uit diamante gemaak. Laat in 1881 het hy na Kaapstad verhuis en by die politiek betrokke geraak, waar hy tot 'n kolos uitgegroe het. Sy vriende het van die "lou-tere natuurlike krag van sy verstand" en sy magnetiese ooredingsvermoë getuig.

Rhodes was 'n man met die stoutmoedigste visie. Hy het geglo dat die wêreld die leierskap van die Germaanse rasse nodig gehad het – die mense van Brittanje en die wittes in sy kolonies, en die Amerikaanse en Duitse volk. Sy droom was om die Britse Ryk in Afrika van die Kaap tot op die Oos-Afrikaanse hoogland uit te brei. Van daar moes dit aansluit by 'n suidwaartse Britse stuwung vanaf Kaïro en die Nylvallei. Om sy visie te bevorder, het hy Rhodes-beurse aan die Universiteit van Oxford ingestel vir jong mans uit die Britse Ryk, Duitsland en die VSA.

Maar daar was 'n skadukant, saamgevat in die opmerking dat hy 'n man met 'n eerste-rangse brein en tweederangse beginsels was. Hy was slinks in die najaag van sy grootse visioene en het geglo dat elke man omkoop kan word.

Rhodes het begin om by J.H. (Onze Jan) Hofmeyr en die Afrikaner Bond te flinklooi. Terwyl goeie Engelse Kapenaars huise in Britse style laat bou het, het Rhodes opdrag gegee vir die ontwerp van 'n Kaaps-Hollandse huis, waaraan hy die Nederlandse naam Groote Schuur gegee het. Teen die middel-1890's was Rhodes so gretig om sy visie te verweselik dat hy die waagstuk aangegaan het wat as die Jameson-inal sou bekend raak. Hy was verplig om as eerste minister van die Kaap te bedank, maar het spoedig wraakplanne gesmee en tot die verkiesing van 1898 toetree onder die vaandel van die "Party of Progress". Hy sterf in 1902.

HOOFSTUK SEWE

Die lang pad na 'n soewereine staat

Die wortels van segregasie

Gedurende die 1850's was die term "Suid-Afrika" bloot die vergestaltung van 'n gebied, ont-daan van enige eenheid. Groot dele van die oostelike en noordelike gebiede was slegs onder twyfelagtige wit beheer. Party wit politici het teen verdere uitbreiding beswaar gemaak. Die samelewing wat tussen 1850 en 1910 vorm aangeneem het, was uniek in die wêreld van Europese koloniserung. Dit was nóg 'n selfonderhoudende, wesenlik wit samelewing soos Australië, nóg 'n Indië waar Europeërs 'n beperkte rol as heersers, handelaars en sendelinge gespeel het. Suid-Afrika was iets tussen dié twee: Wittes het stelselmatig begin oorheers, maar afhanklik gebly van die swartes se bydrae as arbeiders en deelboere.

Suid-Afrika was ook in 'n ander opsig uniek. Dit was een van die baie min Europese koloniale vestigings waarin die regerende rasse minderheid etnies verdeeld was. Die verdeling was tussen die Nederlandse en Engelse "rasse", soos die gemeenskappe destyds genoem is. Hulle was bereid om hul politieke wedywering op te kort slegs wanneer dit wit heerskappy self op die spel geplaas het. Dit was veral in die Kaapkolonie die geval, waar die Afrikaners byna drie teen een in die meerderheid teenoor die Engelse was.

Die inlywing van groot groepe swartes het stuksgewys plaasgevind. Tot die 1880's het die burgers in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) slegs die suidelike helfte doeltreffend beheer. In Natal het die setlaars 'n klein minderheid teenoor die groot meerderheid swartes gevorm. Wit beheer oor die hele Natal is eers teen die einde van die 19de eeu gevestig. Zululand is in 1897 daarby ingelyf.

In 1865 het die Kaapkolonie Brits-Kaffraria (die toekomstige Ciskei) ingelyf, en in 1879 het hy Fingoland en Griekwaland-Oos geannekseer. In 1885 is Gcalekaland en Thembuland ingelyf, en in 1894 Mpondoland. Teen 1891 het die wit bevolking wat in 1865 ongeveer 181 000 getel het, tot 376 000 verdubbel, terwyl die swartes binne die koloniale grense vyfvoudig van 314 000 tot 1 480 000 toegeneem het.

In die skep van die beleid wat later as segregasie sou bekend staan, sien 'n mens die invloed van die reservate wat Theophilus Shepstone in Natal begin het. Ook die voorbeelde wat gestel is op die myndorp Kimberley, wat in die laat 1860's ontstaan het, het die beleid beïnvloed. Die Kaap het die idee van sir George Grey uit die 1850's laat vaar, naamlik om swart mense in die Europese kultuur en instellings te assimileer. Die oortuiging het al hoe meer posgevat dat onderhorige volkere volgens hul eie gebruike geregeer moes word pleks daarvan om hulle in die Westerse kultuur op te neem. In 1887 en 1892 is die liberale grondwet 'n groot slag toegedien toe tradisionele Afrikaner wetgewing van die stemproses uitgesluit en die eiendomsvereistes vir stemreg verhoog is.

Cecil John Rhodes, wat in 1890 eerste minister geword het, het van 'n Suid-Afrikaanse staat onder die Britse vlag gedroom (kyk kassie). Aangesien swart getalle die wittes dan met ses teen een, of selfs meer, sou oortref, was hy op soek na 'n rassebeleid wat sou verseker dat die wittes die oorheersende ras bly. Ná beraadslaging met J.H. Hofmeyr, die leier van die Afrikaner Bond, het hy hom beywer vir wat hy later "n Naturellewet

DIE GLEN GREY-EKSPERIMENT

Die laboratorium vir Rhodes en Hofmeyr se idees was die swart reservaat langs Queenstown, oorspronklik as die Tamboekie-lokasie bekend, maar later herdoop tot Glen Grey. Die reservaat is in 1853 gestig vir die swart bevolking wat deur wit kommersiële plase by Queenstown ontwortel is.

Baie van die mense van Glen Grey het suksesvolle kleinboere geword, maar ander het geen belangstelling in die landbou getoon nie en hulle met toevallige loonarbeid aan die lewe gehou. Sommige amprenare het dié onproduktiewe inwoners vir die oorbevolking van die reservate blameer, en so het die gedagte ontstaan om die swart bevolking te verdeel in kleinboere wat vir hul eie rade in hul eie gebiede stem, en loonarbeiders met beperkte grondregte wat 'n bestaan moes maak as trekarbeiders.

Die Glen Grey-wet van 1894 het wit overheersing verskans deur welvarende swartes toe te laat om grond te besit en aan hulle verteenwoordiging in hul eie plaaslike rade te gee eerder as in die regering van die Kaap self. Die wet het voorsiening gemaak vir plase van vier morg wat op die grondslag van eienaarskap of vrypag toegeken sou word. Die oudste seun sou die kleinhoewe erf. Die bedoeling was dat die ander seuns verplig sou wees om die "adel van arbeid" aan te leer en in die kolonie

werk te gaan soek. 'n Belasting van tien sjellings per kop is gehef om die jonger seuns te dwing om werk te kry sodat hulle die belasting kon betaal. Daar is verwag dat hierdie mans na die reservaat sou terugkeer nadat hulle opgehou het om in die kolonie te werk en dat gemeenskaplike weidingsregte in hul behoeftes sou kon voorsien.

Daar is gehoop dat die wet swart politieke ambisies van die Parlement sou aflei en dit na die nuwe instellings in die reservate sou kanaliseer. Lokasierade, deur eienaars van kleinhoewes verkies, is ingestel, sowel as distriksrade waarvoor die lokasierade ses lede verkies het terwyl die regering 'n verdere ses aangestel het om raad te gee oor plaaslike kwessies soos die toewysing van heffings vir openbare werke. Die Glen Grey-plan wou

produktiewe swart kleinboere skep wat politieke invloed in hul woonomgewing kon uitoefen. Maar dis nie hoe dit verloop het nie.

Die Glen Grey-wet was te radikaal om in die praktyk te werk. Die arbeidsbelasting en die beginsel van individuele grondregte is sterk teengestaan en nooit werklik deurgevoer nie. Die mees blywende betekenis van die wet was die verskuiving van die politieke regte van die swart mense in die gemeenskaplike gebiede weg van die magsetel in die Parlement na plaaslike rade, wat uiteraard geen seggenskap op nasionale vlak gehad het nie. In dié opsig was die Glen Grey-wet wel besonder geslaag, en die distriksrade sou later die grondslag vir die tuislandparlemente bied.



vir Afrika" sou noem, wat oral in Suid-Afrika en op die res van die subkontinent toegepas sou kon word. Dit was die agtergrond vir die Glen Grey-wet van 1894 (kyk kassie).

Teen die einde van die eeu het 'n veel groter aantal swart mense tussen die reservate begin rondbeweeg, maar daar was ook toenemende getalle wat permanent rondom die dorpe en stede begin woon het. In 1899 het W.P. Schreiner, eerste minister van die Kaap, gesê dat dit die beste sou wees om sulke groepe swartes in kampongs saam te voeg. Aan die einde van hul dienstermyn moes hulle "teruggaan na die plek waar hulle vandaan gekom het – na die naturellegebiede, waar hulle eintlik hul tuiste behoort te vind". Amprenare het 'n uitbreking van builepes in die grootste stede aangegryp as 'n rede om swart mense 'n ent weg in lokasies te huisves. Die gedagte om die wit stad van die swart lokasies af te skei, het begin posvat. Tussen 1902 en 1904 het stede oor Suid-Afrika heen swart mense met wetgewing verplig om in sulke gesegregeerde lokasies te gaan woon.

Die Kaapse liberale tradisie, hoewel verwater, het steeds die reg voorgestaan van alle mense om ongeag hul kleur eiendom te besit. Die stemreg is wesenlik vir verwesterste mense voorbehou. Gedurende die 1890's het die aantal bruin kiesers op die kieserslys van ongeveer 5 000 tot 13 900 toegeneem. Partye het aktief om hul stem meegeeding. Bruin mense het die geleentheid gebruik wat daar aan hulle vir onderwys en nywerheidsoplei-

BO: 'n *Posseël* wat die Bunga uitbeeld. Die Transkeise distriksraad, algemeen bekend as die Bunga, was die belangrikste van die distriksrade wat deur die Glen Grey-wet geskep is. Dit het 27 magistratsdistrikte omvat, hoewel – vreemd genoeg – die Glen Grey-gebied in die Ciskei gebly het. Van 1976 tot 1994, onder die apartheidsbedeling, was hierdie waardige en ruim gebou die setel van die Wetgewende Vergadering van die Republiek van Transkei. Tans huisves dit die Nelson Mandela-museum.

DIE LONDENSE KONVENSIË VAN 1884

Die Londense Konvensie wat op 27 Februarie 1884 in Londen deur Brittanje en die Zuid-Afrikaanse Republiek onderteken is, het aan republiek beperkte selfregering gegee met vele voorbehoude.

Die onafhanklikheid van die Swazivolk moes ten volle deur die ZAR erken word, terwyl die grense van die Swazikoninkryk in die fynste besonderhede omskryf is en die republiek hom streng daarby moes hou. Die ZAR het 'n verklaring wat uit vroeëre konvensies dateer, herbevestig en onderneem om nie deel te hê aan die "slawerny of inboek" van swartes nie. Die beweging van swart mense binne die ZAR moes beperk word deur 'n passtelsel wat die regering sou uitwerk. Swart mense kon egter "in sekere omstandighede", wat nie uitgestippel is nie, grond huur of koop. Hulle moes ook toegang tot die geregshoue gegee word. Die regering van die ZAR moes 'n kommissie aanstel om "naturellelokasies" af te baken. Alle oordragte van grond wat deur die Britse sekretaris van naturellesake in trust vir swart mense gedoen is, sou van krag bly, selfs nadat die amp deur 'n persoon oorgeneem is wat deur die ZAR-regering aangestel is.

Laastens kon die ZAR-regering, sonder Britse goedkeuring, geen verdrae met enige ander land of Afrika-gemeenskap behalwe die Oranje-Vrystaat sluit nie.

ding gebied is en teen die einde van die eeu het hulle minstens die helfte van die ambagte in Kaapstad en die hoofdorpe van die Wes-Kaap oorheers.

En tog, soos die liberale Kaapse politikus J.W. Sauer opgemerk het, is "politieke gelykheid hoegenaamd nie sosiale gelykheid nie". Selfs in Kaapstad – wat ras betref die vloeibaarste van al die dorpe en stede – was integrasie volgens Vivian Bickford-Smith 'n verskynsel slegs onder die laer klasse. Selfs waar respektable bruin mense vir wit kon deurgaen, was witwees onlosmaaklik met sosiale en politieke heerskappy verstrengel.

Die Nederduitse Gereformeerde, Metodiste- en Wesleyaanse Kerk, en nie-sektariese staatskole, was in feite gesegregeer. Eersteklas spoorwegwaens, openbare badgeriewe, tafels in hoteleetskamers en bespreekte sitplekke in teaters was wesenlik slegs vir wittes bedoel. Sport was grotendeels gesegregeer. 'n Verslaggewer van die Skotse *Dundee Advertiser* het in 1894 geskryf dat hoewel bruines deur die reg as gelyk beskou is, daar 'n "streep" tussen hulle en die wittes is, "byna so onwrikbaar getrek asof hulle 'n laer klas van wesens was".

Die Engelse kolonie van Natal het daarop aanspraak gemaak dat hul stemreg nie op ras gebaseer was nie, maar in 1864 en 1865 het die Wetgewend Raad die swart stem prakties verwyder. In 1904 was slegs twee uit 'n bevolking van 'n miljoen swart mense gekwalifiseerd om te stem. In Pietermaritzburg is die heftigste toesprake gemaak om Shepstone se lokasiestelsel af te kraak. Die kiesers wou wetgewing hê wat, soos Alan Hattersley dit gestel het, daarop gemik was om "die barbaarse onderdane van hul ledige, parmantige en onbeheerbare heidense gewoontes op te hef na dié van 'n standvastige, vlytige, nederige en morele ingesteldheid".

In die twee Boererepublieke is die stemreg vir alle mense wat nie wit was nie, uit die staanspoor uitgesluit. Binne die grense van die Oranje-Vrystaat het die republiek drie klein, geïsoleerde reservate vir swartes opsy gesit, wat altesame 74 000 morg, of minder as 1% van die grond, beslaan het. Dit het geen voorsiening vir Afrikagebruike gemaak nie en geweier om die stamwette of tradisionele huwelike eie aan Afrika te erken. Alle siviele en strafregtelike geskille het onder die regspraak van die Romeins-Hollandse reg geval, ongeag die ras of status van die prosedeerders. Maar die Vrystaatse owerhede het ook swart "blok-manne" ingestel om te help om die Waaihoek-woonbuurt by Bloemfontein te bestuur. John Tengo Jabavu het goedkeurend oor dié stelsel geskryf en gemeld dat Waaihoek sy eie "stadsaal en 'n eie raad het bestaande uit naturelle, met 'n burgemeester aan die hoof". In 1896 het swart inwoners 'n versoekskrif tot die Bloemfonteinse munisipaliteit gerig dat die paswette minder streng toegepas word, en om teen die aanmatigende houding van die polisie beswaar te maak.

Die ZAR het die president as opperhoof oor al die inheemse gemeenskappe aangewys. Hy moes die swart tradisionele reg in alle swart gebiede handhaaf, maar in elkeen wit amptenare as naturellekommissaris aanstel. Die Londense Konvensie van 1884 het bepaal dat die ZAR 'n "Lokasieskommissie" moet aanstel om reservate vir elke etniese groep af te baken. Maar daar is min bykomende grond vir lokasies opsy gesit en vir party groepe is geen voorsiening gemaak nie.

Die gewone ZAR-burgers was sterk gekant teen reservate, of lokasies soos dit daar bekend gestaan het, maar Paul Kruger het in 1893 geredeneer dat dit nodig is om veral vir kleiner swart groepe grond opsy te sit sodat hulle nie verdruk sou voel nie. "Is dit billik of Christelik om hulle van die grond af te verdryf?" het hy gevra. Hierteenoor was daar die onversadigbare drang na grond onder sy kiesers. Daar word geskat dat tussen 'n vyfde en 'n kwart van die swartes in die ZAR teen 1900 in lokasies in die landelike gebiede gewoon het. Swart mense kon grond elders koop, maar slegs deur derde partye soos sendelinge, wat die grond vir hulle geregistreer het in 'n trust wat deur die sendelinge bestuur is.

'n Swart Suid-Afrika

Die swart bevolkingsyfers wat amptenare verskaf het, was grootliks raaiwerk. Party hiervan het in 'n boek deur die beroemde Britse skrywer Anthony Trollope in 1878 verskyn en word hier weergegee (kyk kassie). Trollope het Suid-Afrika 'n witmensland genoem, waarin die getal mense wat nie wit was nie op byna twee miljoen geraam is, teenoor die minder as 350 000 wittes. Die demograaf Jan Sadie het die 1878-syfer vir swartes (dus sonder bruines, Indiërs en wittes) op 2,2 miljoen geprojekteer.

BEVOLKING IN SUID-AFRIKAANSE GEBIEDE, 1878			
	Wittes	Swartes en Bruines	Totaal
Kaap	235 000	485 000	720 000
Ciskei		335 000	335 000
Transkei		501 000	501 000
Diamantveld	15 000	30 000	45 000
Natal	20 000	320 000	340 000
OVS	30 000	15 000	45 000
ZAR	40 000	250 000	290 000
Totaal	340 000	1 936 000	2 276 000

Ekonomiese geleenthede

Britse immigrante het die meeste van die nuwe geleenthede wat in Suid-Afrika beskikbaar geraak het, opgeraap. In die dorpe en stede het hulle die handelaars en ambagsmanne geword. Saam met Jode uit Europa het hulle die handel met die boere in die binneland oorgeneem, en met die Xhosa-kleinboere aan die grens. Die Engelse was die eerste wat groot-skaals met grond begin spekuleer het. Gedurende die 1830's het hulle 'n groot persentasie uitgemaak van diegene wat in die ooste van die Kaapkolonie met wolskape begin boer het, en hulle het invoer- en uitvoerfirmas in Port Elizabeth en Kaapstad gestig. Op die plattelandse dorpe het Engelssprekendes al die belangrike betrekkings beklee. Hulle was die ingenieurs wat die paaie, brûe en spoorlyne gebou en die diepvlak-mynskagte gesink het, en hulle was die entrepreneurs wat gesofistikeerde nywerheids- en finansiële maatskappye gestig het.

Joodse Suid-Afrikaners het 'n groot rol gespeel in die uitbreiding van die handel in Suid-Afrika. Adolph Mosenthal het in 1846 uit Duitsland aangeland en spoedig 'n familiesaak gestig wat een van die grootste beleggers in die diamantbedryf geword het. In die ZAR het Sammy Marks 'n spesiale verhouding met Kruger se regering gevestig (kyk kassie op p. 190).


Landbou het 'n heenkome vir die oorgrote meerderheid van die Afrikaners gebied. Sedert die laaste dekades van die 19de eeu was daar in die Wes-Kaap 'n gestadige toename in die aanvraag na koring en suiwelprodukte, met die uitvoer van vrugte as 'n belowende moontlikheid. Die wynboerdery, wat in die 1880's swaar deur filloksera getref is en tot 1910 gestagneer het, het in die eerste twee dekades ná Uniewording herleef. In die middelland van die Oos-Kaap en Karoo het die meer suksesvolle Afrikaanse en Engelse boere in die toename van die wolvuitvoer gedeel, wat van £4 miljoen in 1904 tot £20 miljoen in 1919 gegroei het.

Maar minder as 'n vyfde van Suid-Afrika bestaan uit bewerkbare grond. Groot dele is 'n halfwoestyn met gereelde droogtes, en ander gebiede kry genoeg reën, maar die bodem is uiters ongelyk. Veeboerdery het as 'n leefwyse en bestaansmiddel ontwikkel en eers in die 20ste eeu in 'n kommersiële onderneming verander.

'n Verkwistende uitbuiting van landbouhulpbronne het tot 'n krisis in die veeboerdery bygedra. Oorbeweiding tesame met veldbrande het die natuurlike plantegroei vernietig, terwyl die bogrond in donderstorms weggespoel het. As weiveld uitgeput geraak het, was boere gewoon daarvoor om na nuwe weiding en ongebruikte grond te beweeg, maar teen die 1880's is die grense teen verdere uitbreiding gesluit.


Swart kleinboere, met hul gesinne as werksmag, was as grondbewerkers die burgers van die republieke, wat oorwegend veeboere was, ver vooruit. In 1904 het 'n ingeligte waarnemer geskryf dat die swart boere in die oostelike helfte van die land "tot dusver die beste veelsydige grondbewerkers in Suid-Afrika" is.

ONDER: Swart deelsaaiers ploeg hul landerye. Kleinboere wat hul gesinne as bron van arbeid kon gebruik, het die landbou-uitset in die oostelike dele van Suid-Afrika in die tweede helfte van die 19de eeu oorheers. In 1904 het 'n ingeligte waarnemer opgemerk dat die tradisionele Afrika-boer "die beste veelsydige bewerker van grond in Suid-Afrika" is. Swart boere in Basoetoland (tans Lesotho) en die Oranje-Vrystaat het met geesdrif gereageer op die groot mark vir koring, mielies en groente wat op die diamantvelde ontstaan het. Hulle kon rondtrek en die beste aanbiedinge vir deelsaaiery van plaaseienaars aanvaar. Reeds in die 1890's het 'n groep Oos-Vrystaatse boere egter geëis dat die Volksraad grootskeepse graanverbouing deur swartes moet verbied, omdat wit boere nie met hulle kon meeding nie. Daar was nog geen tekort aan grond nie, want slegs klein stukkie van die uitgestrekte plase in die republieke is vir akkerbou gebruik. Inligting wat die Transvaalse Arbeidskommissie in 1903 ingewin het, het daarop gedui dat selde meer as 100 acre (sowat 40 ha) van 'n plaas deur eenenaar vir die verbouing van gewasse ontwikkel is.



KRUGER SE JOOD

Kort voor die Suid-Afrikaanse Oorlog van 1899-1902 het pres. Paul Kruger aan een van sy burgers, Sammy Marks, 'n Litause Jood, die buitengewone voorreg van die private gebruik van die staatsmunt toegestaan. Marks het as 24-jarige in Suid-Afrika aangekom, was aanvanklik 'n smous en het toe na Kimberley verhuis waar hy in diamante en kleins handel gedryf het. In 1881 het hy Pretoria besoek waar hy Kruger ontmoet en die moontlikheid van beleggings in die ZAR bespreek het.



Sammy Marks

Kruger het vir Marks belowe dat die regering sy ondernemings sou steun. Die eerste hiervan was 'n distilleerderij buite Pretoria. By die inwyding daarvan deur Kruger is dit De Volkshoop gedoop, maar dit het meer algemeen as Hatherley of Eerste Fabrieken bekend gestaan. Marks het later glas- en konfytfabriek gevestig, asook 'n steenmakery.

Ná die ontdekking van goud het Hatherley gefloreer terwyl swart en wit mynwerkers hul dors geles het met die goedkoop jenewer en brandewyn wat daar gestook is. Byna al Marks se sakeondernemings was van begunstiging deur die regering afhanklik. Om dit te verseker, het hy die Boereleiers se guns ywerig begin wen met "sagte" lenings en geskenke. Die belangrikste was dat hy gehelp het om 'n eiendoms-transaksie te beklink wat die president 'n ryk man gemaak het. Hy het ook 'n groot bedrag geld aan Pretoria geskenk vir 'n standbeeld van Kruger.

Marks was 'n gereelde en welkome besoeker aan die huis van die president. Kruger het Marks se geselskap kennelik geniet – die lewendige geredekawel wat

soms aan die parmantige gegrens het; die kruisvuur van doodgooi-argumente uit hul gunstelingteks, die Bybel; en die gekseerderij oor Marks se kastyge hardkoppigheid oor godsdienkskwessies.

Marks het die uitbreek van die oorlog as 'n volslae ramp beskou. In die konflik het hy daarin geslaag om op die draad tussen Boer en Brit te sit. Voor die besetting van Pretoria het hy sy plig as lojale burger gedoen. Ná die aankoms van die Britte het hy die neutraliteitseid afgelê en hulle ewe getrou gedien. Toe die Boeregeneraals in 1902 oor die vrede onderhandel het, het hulle Marks laat kom om hul aksieplan met hom te bespreek. Die vredesberaad in Vereeniging is op Marks se eiendom gehou.

Ná die oorlog was Marks 'n ondersteuner van Milner se beleid om Britse kultuurwaardes en die Engelse taal in die gewese republieke te verskans. Nietemin het hy, met die herrysing van die Afrikanerdom, sy steun aan Louis Botha se party toegesê. Sy vergoeding was benoeming tot senator en staatsteun by die vestiging van Suid-Afrika se eerste staalfabriek. Marks is in 1920 in die ouderdom van 76 jaar oorlede.

OORKANT: Drie tipes skole. Vanaf die 1840's het James Rose Innes en Langham Dale die grondslag van 'n moderne sekulêre Engelsmedium-skoolstelsel aan die Kaap gelê. St. Andrew's-kollege, bo links, vir gevorderde onderwys, het die toppunt van die stelsel verteenwoordig. Die Zonnebloem-kollege (middel) het swart en bruin leerders getrek. Bo regs is Elim se sendingskool. Die meerderheid bruin en swart kinders, asook baie van die minder gegoeide wit kinders, is by sendingskole onderrig.

Engelse kulturele oorheersing

Engelse ekonomiese oorheersing het tot Engelse kulturele oorheersing onder die wit, bruin en swart elite gelei. In 1865 het die regering van die Kaapkolonie besluit dat alle onderrig in staatskole in die vervolg in Engels gegee sal word. Die paar topskole wat deur die kinders van die wit elite bygewoon is, het bolwerke van die Engelse kulturele invloed geword. Onder hulle het getel die Diocesan College in Kaapstad (1845), St. Andrews in Grahamstad (1855) en die Stellenbosch Gymnasium (1866). In die Republiek van die Oranje-Vrystaat is die Grey Institute in 1856 in Bloemfontein gestig, in Natal het die Pietermaritzburg High School (later Maritzburg College) sy deure in 1863 geopen, en die Durban High School syne in 1886.

Maar in die geheel was die gehalte van wit onderwys baie swak. In 1875 is bevind dat driekwart van die wit kinders in die Kaapkolonie ongeletterd was. In die republieke en Natal was dit nog erger.

Byna alle opvoeding vir bruin en swart kinders was in die hande van kerke en sendinginrigtings. Hulle het byna sonder uitsondering voorrang gegee aan die onderrig van Engels. In 1891 het 'n derde van die wit kinders in skole in die Kaapkolonie sendingskole bygewoon waarin daar geen kleurslagboom was nie. Zonnebloem College in Kaapstad is deur die Anglikaanse Kerk gestig; dit het met wit, bruin en swart leerlinge begin en later 'n oorwegend bruin skool geword.

In die Xhosa-gebied was daar etlike sendingstasies wat die Engelse kultuur, werkinstelling en individuele fatsoenlikheid uitgedra het. Gedurende die 1850's het die Kaapse goewerneur sir George Grey geld vir swart skole by Healdtown, St. Matthews, St. Mark's, Salem, Peelton, Mount Coke en in Grahamstad bewillig. Lovedale het vroeër begin, in 1841, met elf swart en nege wit leerlinge, en dit het tot 1878 'n gemengde skool



gebly. In 1878 skryf James Stewart: “Alle kleure, wit en swart en bruin en geel, kan onder die leerlinge aangetref word. Hulle verteenwoordig byna al die stamme van Suid-Afrika. Daar is Fingo’s [Xhosas], Hottentotte, Pondo’s, Bechuanas, Basotho’s, Zulu’s, Engelse en Afrikaners” (destyds as “Dutch” bekend).

Teen 1887 het reeds meer as 2 000 swart studente net by Lovedale ’n sendingopvoeding ontvang. Hulle het onderwysers, magistratsklerke, tolke, telegrafiste, drukkers en klerke geword. In Natal het die Adams Mission Station (later Adams College) in 1853 begin met onderrig aan swartes. Sy reputasie vir gehalte-onderrig het vinnig versprei.

’n Groeiende politieke bewustheid



In 1853 het die Kaapkolonie verteenwoordigende bestuur gekry, maar die goewerneur, wat deur Brittanje aangestel is, het steeds die lakens uitgedeel. Die Kaapse Parlement is oorheers deur die belange van die Engelse of verengelste deel van die gemeenskap op klein dorpe en in die Moederstad en Port Elizabeth. Die hoofkwessie onder bespreking was die afwenteling van mag na die oostelike distrikte en die moontlikheid van afskeiding wat hoofsaaklik vir Engelse handelaars en spekulante van belang was.

In 1872 het die Kaap ’n gevorderde vorm van koloniale selfregering ontvang, met ’n eerste minister aan die hoof van ’n kabinet wat teenoor die Parlement aanspreeklik was. Kiesers het al hoe meer bekommerd geraak oor die regering se buitensporige besteding aan militêre veldtogte wat die kolonie diep in die skuld laat beland het. By gebrek aan politieke partye het spanning in die 1870’s tussen die uitvoerende en wetgewende gesag opgelaaie.

Die spanning het breekpunt bereik toe Gordon Sprigg ’n kabinet uit politici van die Oos-Kaap en die Kaapse Middelland saamgestel het sonder ’n enkele Afrikaner of Wes-Kaapse politikus. Om die koste van nuwe spoorweë en koloniale ingryping in die oorlog tussen twee Xhosa-faksies te delg, het die Sprigg-kabinet ’n belasting op brandewynprodusente gehef. Op die dag dat die aksynswet gepubliseer is, het van die wynboere ’n ontmoeting met Jan Hofmeyr (Onze Jan), redakteur van *De Zuid-Afrikaan*, gehad. In Oktober 1878 het hy ’n boereparty, die Zuid-Afrikaanse Boeren Bescherminings Vereeniging (BBV), gestig. In die parlamentsverkieping van 1879 het die BBV byna die helfte van die setels in die hoërhuis en ’n derde van dié in die laerhuis verower. Maar die geesdrif het gou gekwyn en die BBV kon nie juis daarin slaag om buite die Wes-Kaap te vorder nie.

In Junie 1879 het S.J. du Toit, ’n Afrikaanse predikant van die Paarl, die inisiatief geneem en die Afrikaner Bond gestig met die slagspreuk “Afrika voor de Afrikaners” en met takke oor die hele Suid-Afrika. Op 14 Augustus 1875 het Du Toit en sewe ander Afrikaners die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) in die Paarl gestig. Hulle het besluit dat daar ’n dringende behoefte was om die Nederlands- en Afrikaanssprekende wit mense te oorreed om hulself as ’n eie gemeenskap te beskou en hulself Afrikaners te noem. Die GRA se primêre teiken was die groot aantal Afrikaners wat nie besonder welgestel was nie en net ’n beperkte opvoeding gehad het.

Om sy boodskap tuis te bring, het die GRA sy eie koerant, *Die Afrikaanse Patriot*, begin. Die eerste uitgawe het op 15 Januarie 1876 verskyn. Die styl was helder, lewendig



BO: Die instelling van ’n belasting op brandewyn het gelei tot die stigting van die Zuid-Afrikaanse Boeren Bescherminings Vereeniging deur J. H. (Onze Jan) Hofmeyr (middel) en die Afrikaner Bond deur S.J. du Toit (onder).



BO: Die Afrikaanse Patriot, die eerste Afrikaanse koerant. Sy sirkulasie het tot bo 3 000 gestyg nadat die Nederduitse Gereformeerde Kerk die blad as te krities oor die regering veroordeel het.

ONDER: Jan Brand, die president van die Oranje-Vrystaat van 1864 tot 1888, het die grondslag gelê vir 'n moderne staat deur behoorlike finansiële bestuur, 'n staatsbank, 'n onafhanklike regstelsel en 'n moderne onderwysstelsel vir die republiek in te voer.

OORKANT: Kimberley het in 1875 reeds 'n inwonertal van heelwat meer as 30 000 gehad.



en bondig, met eenvoudige sinne en kort woorde. 'n Spanpoging met Du Toit as die hoofskrywer het 'n nasionalistiese geskiedenisboek met die naam *Die Geskiedenis van ons Land in die Taal van ons Volk* die lig laat sien. *Die Patriot* het gebruik gemaak van die Afrikaners se algemene renons in die vrye handel in goedere en geld, en in die rykdom van handelaars, bankiers en ander agente van Britse kolonialisme. 'n Belangrike teiken was die Standard Bank, uitgebeeld as 'n "reusagtige duiwelvis" wat die koloniste uitbuit en 'n groot deel van sy dividende na die hoofkantoor in Londen stuur.

Die Afrikaner Bond het voordeel getrek uit 'n golf van nasionalistiese emosie toe die Transvaalse burgers teen die Britse anneksasie in opstand kom. Takke van die Afrikaner Bond is oral in Suid-Afrika gestig. Hofmeyr het lid van die Bond geword en spoedig planne begin maak om die doelstellings daarvan te temper. In 1883 het 'n kongres op Richmond die samesmelting van die Bond en die BBV goedgekeur. Hofmeyr het die leier van die nuwe Afrikaner Bond geword. Sy politieke vaardighede was formidabel – Cecil John Rhodes het hom as die mees bekwame politikus in Suid-Afrika beskou.

Die eerste swart politieke vereniging was die semipolitieke Native Educational Association, wat in 1879 in die Oos-Kaap gestig is om die "algemene welsyn van die naturelle" te bevorder. In 1882 is die Imbumba Yama Nyama in Port Elizabeth op die been gebring om swart mense in hul stryd om nasionale regte te verenig.

Die kolonie Natal

'n Magtigingsbrief van 15 Julie 1856 het tot die totstandkoming van die kolonie Natal gelei. Dit het 'n wetgewende raad van sestien lede gehad, van wie twaalf verkies is, en vier amptenare was. Soos in die Kaap die geval was, was daar geen kleurslagboom in die grondwet nie, maar tog was dit vir iemand wat nie wit was nie, feitlik onmoontlik om 'n kieser te word. Met invoer wat in 1859 byna twee maal meer as uitvoer werd was, het die kolonie gesukkel om aan die gang te kom. Tussen 1857 en 1861 het ivoor die grootste deel van die uitvoerwaarde uitgemaak, met suiker en melasse wat vir net meer as 'n vyfde verantwoordelik was. Nadat die arbeidstekort verlig is deur Indiërwerkers in te voer, het suiker begin om sy plek as die stapelprodukt van die ekonomie in te neem.

Teen 1871 het die wit bevolking net 18 000 getel, maar aangevuur deur die toekenning in 1872 van verantwoordelike bestuur aan die Kaap het Natal se Wetgewende Raad ook daarom gevra. Die regering in Londen het ander planne gehad en vir sir Garnet Wolseley as 'n spesiale kommissaris met omvattende mag uitgestuur om die grondwet en die administrasie van die naturelle te verander. In Pietermaritzburg het hy die wit leiers onthaal en, soos sy biografe dit gestel het, "hul vryhede in sjerrie en sjampanje verdrink". Op sy aandrag is die aantal amptenare in die Wetgewende Raad vermeerder, asook die mag van die luitenant-goewerneur. In 1893 het Natal uiteindelik 'n parlement gekry. Zululand is in 1897 by Natal ingelyf.

Die skatting is dat daar teen 1872 ongeveer 17 500 wittes, 300 000 swartes en 5 800 Indiërs was. Teen die einde van die dekade was daar 22 000 wittes en 12 800 Indiërs. Laasgenoemdes het gehelp om die suikerproduksie van 1 173 t in 1859 tot 10 172 t in 1874 op te stoot. Daar is erg teen hulle gediskrimineer. Dit het aandag begin trek met die aankoms van Mohandas Gandhi twintig jaar later (kyk kassie).

Brose republieke

Die Groot Trek het twee state opgelewer. Die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR), ook bekend as Transvaal, is in 1852 gestig, en die Republiek van die Oranje-Vrystaat (OVS) in 1854. Twintig tot dertig jaar lank was die twee republieke se ekonomie veels te swak om die Boeresamelewing saam te snoer en as stut vir 'n doeltreffende staat te dien. Sonder bemerkbare goedere was die geld spoedig op, en sowel die staat as die burgers het by buitelandse handelaars en banke in die skuld geraak. Burgers was teensinnig om belasting te betaal en baie het oproepe vir kommandodienste verontagsaam.

Die staat het sy grootste hulpbron, naamlik grond, verkwis deur dit gullhartig uit te deel. In die ZAR het eienaars van elders nagenoeg die helfte van die grond in hul besit gekry, en teen die einde van die eeu was die helfte van die burgers sonder grond.

Ondanks sterk aansprake deur die Vrystaat het Brittanje in 1871 die ryk diamantvelde geannekseer by wat later as Kimberley bekend sou word. Jan Brand, wat van 1864 tot

GANDHI SE STRYD

Mohandas Karamchand Gandhi het die strategie van lydelike verzet gebruik, wat ook as *satyagraha* of die mag van die waarheid bekend staan.

Gandhi het in 1893 in die ouderdom van 24 jaar in Suid-Afrika aangeland. In 1895 het hy die Natal Indian Congress gestig om teen rassediskriminasie en onbillike belastinge te protesteer. Hy was 'n skugter jong prokureur wat in Engeland opgelei is en 'n aanbod aanvaar het om vir 'n Indiërsake-man te werk in 'n hofsak teen 'n familie-lid. Die suksesvolle uitkoms van hierdie saak het vir Gandhi groot erkenning gebring, en hy kon 'n welvarende regspraktyk opbou.

Hy het in 1902 na Indië teruggegaan met die belofte om terug te keer indien nodig. Die toenemende beperkinge op waar Indiërs mog woon of handel dryf het dit




Mohandas Gandhi

nodig gemaak, en Gandhi het teruggekeer na Transvaal om werk te maak van die konflik tussen die Indiërgemeenskap daar en die koloniale regering.

In 1906 het hy die lydelike verzet van die Transvaalse Indiërs teen die Asiatic Law Amendment Ordinance van stapel gestuur. Hierdie nuwe wet het bepaal dat die Indiërs se vingerafdrukke geneem word en dat hulle passe moet dra. 'n Stuk of 3 000 beswaarmakers het bymekaargekom om hulle teen dié vernedering te verzet. Gandhi het saam met leiers van ander gemeenskappe in Suid-Afrika na Londen gegaan om verdere diskriminerende wetgewing teen te staan. Hy het ook as skakel met nasionalisteleiers in Indië gedien en die aandag gevestig op wetsontwerpe soos 'n belasting op kontrakwerkers in Natal wat slegs op Indiërs van toepassing was en beperkings op hul grondbesit en vryheid van beweging.

'n Betoging waartydens passe verbrand is, het tot sy inhegtenisneming gelei. Hierdie vorm van burgerlike ongehoorsaamheid het later by swart vroue ingang gevind, en hulle het soortgelyke protesmetodes gevolg. In 1913 het Indiese steenkoolmynwerkers en kontrakarbeiders in Natal 'n staking begin wat tot die arrestasie van duisende betogers gelei het.



Teen die tyd dat Gandhi in 1914 na Indië teruggekeer het, het hy wel klein oorrinnings behaal, maar dié is spoedig tot niet gemaak deur meer gesofistikeerde wetgewing wat op die inkorting van die politieke en ekonomiese mag van die Indiërs gemik was. Gandhi se teenwoordigheid in Suid-Afrika het egter 'n onuitwisbare merk gelaat op die breër politieke kultuur en die maniere waarop weerstand gebied sou word.



'N IDEALE GEMENE BES

In 1895 het James Bryce, 'n bemaande Britse grondwetkenner, die Vrystaat vurig aangeprys. Getrou aan die destydse ingesteldheid het hy die feit verontsaam dat almal behalwe wit mans van stemreg uitgesluit was, en soos volg betuig: "In die Oranje-Vrystaat het ek in 1895 die tipe gemenebes ontdek wat in die stoute verbeelding van die vorige eeu se filosofe geskilder is. Dit is 'n ideale gemenebes" wat die naaste gekom het aan die filosofiese ideaal "van vrye en onafhanklike mense wat vir onderlinge bystand en beskerming in 'n volkome nuwe sosiale verbintenis verenig is en daardeur 'n regering skep wie se gesag geen ander oorsprong het en kan hê as die goedkeuring van diegene wat geregeer word nie".



Lord Carnarvon, die Britse koloniale sekretaris in die middel-1870's, het ten spyte van teenstand onverpoos gepoog om 'n federasie van die twee Britse kolonies en die twee Boererepublieke onder Britse heerskappy te bewerkstellig.

1888 president was, het dit reggekry om Brittanje die bedrag van £90 000 as vergoeding te laat betaal. Brand was 'n begaafde leier en het nuwe politieke vertroue ingeboesem. Aan die begin van die 1880's was daar reeds die basiese raamwerk vir 'n bestendige staat. Brand het spesiale klem daarop gelê om 'n gesonde reg- en bankstelsel te vestig ten einde handelaars en ander sakelui aan te lok. Hy het ook korrupsie uitgeroei.

'n Nuwe Britse stuwings

Brittanje se verkryging van Basoetoland in 1868 en die inlywing van die diamantvelde in 1871 het 'n nuwe imperiale stuwings van Brittanje in die binneland van Suid-Afrika ingelui. Wat hieragter gelê het, was 'n besef van die ekonomiese potensiaal van die streek. Brittanje wou munt slaan uit die groei in handel en mynweese en die verbeterde vervoer en infrastruktuur in die streek. Met die oog hierop moes meer trekarbeid vir die myne, plase en openbare werke in die binneland verkry word. Nogtans het Brittanje, afgesien van beheer oor uitbreiding deur die Boerestate, groot politieke konfrontasie met die republikeinse leierskap vermy.

Dit het Brittanje egter toenemend gefrustreer om opgesaal te wees met 'n land wat in setlaarkolonies, Boererepublieke en onderworpe swart gemeenskappe onder Britse gesag verdeel is. Die regering in Londen het nogtans staatgemaak op gunstige omstandighede waarin die wit grondgebiede in 'n vrywillige federasie onder imperiale leiding ingetrek sou kon word. 'n Meer geïntegreerde sentrale staat sou in staat wees om gemeenskaplike beleid in sake soos handel, verdediging en die administrasie van swart mense en beheer oor hul arbeid te volg. Al wat nodig sou wees om die republikeinse Boere onder Brittanje se koloniale vlerk in te trek, was ferme diplomatie en vreedsame druk.

In die middel van die 1870's het die Britse koloniale sekretaris, lord Carnarvon, flink begin voorbrand maak vir 'n federasie van kolonies en republieke onder Britse heerskappy. Maar dit was glad nie so maklik nie. Die Boerestate was eensins daarvoor te vinde om oor hul vrye identiteit te onderhandel nie, en selfs die Kaap en Natal se reaksie op die gedagte van 'n setlaarkonfederasie was lou. Maar Carnarvon wou nie sy kordate plan laat vaar nie. Ná die anneksie van die diamantvelde van Griekwaland-Wes in 1871 het Brittanje 'n konfederasiebeleid vir sy Suid-Afrikaanse gebiede bekend gestel. Terwyl die ZAR in 'n finansiële krisis rondgespartel het en sy suidoosgrens deur Zulu-teenstanders bedreig is, het dit gelyk asof die tyd ryp was vir 'n beslissende skuif.

Die wankelende ZAR word geannekseer

Dit het lank geduur voordat bestendigheid in die ZAR bereik is. Gedurende die 1850's en 1860's het drie of vier streke, elkeen met sy eie persoonlike leier, gedurig om die mag meegeding. In die noorde van die republiek het die verspreide trekkernedersettings as gevolg van die vyandigheid van die Venda tot niet gegaan, en was die trekkers verplig om hele distrikte prys te gee. Toe Paul Kruger die burgers vir kommandodien oproep, het die helfte van hulle nie opgedaag nie. In die vroeë 1870's het 'n Pedi-bedreiging van die wit nedersetting in die ooste van die republiek die ZAR gedwing om by die Swazi onder Mswati om hulp aan te klopp. Teen die middel van die 1870's het die Pedi onder Sekhukhune plase in die ooste van die republiek ongehinderd geplunder.

In 1872 het Thomas François Burgers, 'n liberale predikant wat deur die Ned. Geref. Kerk in die Kaap weens leerstellige afwykings geskors is, president van die ZAR geword. Hy was 'n idealis met 'n grootse visie, maar het nie die geduld gehad om die vertroue van 'n uiters konserwatiewe gemeenskap te probeer wen nie. Sy planne om sekulêre onderwys in te voer het byna vir Kruger daartoe gedryf om by 'n trekgeselskap deur die woestyn na die suide van Angola aan te sluit.

Burgers het op 'n groot skaal geld geleen vir grootse projekte waarmee hy die republiek wou moderniseer. Hy het 'n spoorlyn na Delagoabaai beplan om toegang tot die see te kry, vry van Britse beheer. Op 'n besoek aan Europa kon hy slegs £90 000 bymekaar kry, en die onderneming het op 'n kolossale verlies uitgeloop. Kruger het die volgende genadelose dog gepaste kommentaar op Burgers se grootse skemas gelewer: "Burgers wou vlieg, maar sy vlerke is betyds geknip. Nou moet hy maar soos die res van ons kruip."



Vroeg in 1877 was die staat so diep in die skuld dat die amptenare nie betaal kon word nie. Die burgers van die ZAR was hopeloos verdeeld, en toe Theophilus Shepstone met 25 man na Pretoria gaan om die staat te annekseer, is geen weerstand gebied nie.

Die opkoms van Paul Kruger

Toe Shepstone in Januarie 1877 in Pretoria aankom, het hy die ZAR-burgers oorgehaal om goedkeuring te gee vir die anneksasie van die republiek as deel van 'n plan om 'n Suid-Afrikaanse federasie te bewerkstellig. Hy het later geskryf dat van die 3 000 mense wat hy gewerf het voordat hy die republiek op 12 April 1877 geannekseer het, Paul Kruger die enigste een was wat hierdie stap ondubbelsinnig verwerp het.

Kort ná die anneksasie het Kruger die leiding geneem om verzet te organiseer. Omdat die burgers oënskynlik deur apatie en onverskilligheid verlam is, het Kruger twee maal as lid van 'n drieman-afvaardiging na Londen gegaan om die koloniale sekretaris te oorreed om 'n referendum toe te laat oor Shepstone se aanspraak dat die meerderheid van die ZAR-burgers ten gunste van anneksasie was.

Die Boereweerstand het stadig toegeneem. Vroeg in Desember 1880 is massavergaderings by Paardekraal gehou. Op 'n vergadering op 11 Desember is die herstel van die republiek geproklameer. Dit was die begin van 'n gewapende rebellie. Die Britte was vol vertroue dat die rebelle spoedig ná die eerste skermutseling uitmekaar sou gaan. Maar die burgers was met Westley Richard-gewere gewapen wat op 'n afstand van 550 m dodelik was, en hulle was uitstekende skut. Hulle het 'n Britse kolonne by Bronkhorstspuit die nekslag gegee, die res van die garnisoen in Pretoria en Potchefstroom beleër en die kolonne van sir George Pomeroy Colley aangeval wat met versterkings van Natal opgeruk het. Op 27 Februarie is hierdie mag by Majuba op die vlug gejaag.

Die nuwe ministerie in Londen onder William Gladstone het in die hele Suid-Afrika nie meer as 3 500 soldate tot sy beskikking gehad nie, en was glad nie geneë om ter wille

Die Dorslandtrek van die 1870's.

Die trekkers is aangedryf deur die "trekgees" wat sy oorsprong reeds in die 1690's in die Kaapkolonie gehad het, waar veeboere, as "trekboere" bekend, met hul vee tot buite die grense van die kolonie begin rondtrek het. Maar die Dorslandtrekkers was ook ontstig oor die sekulêre hervormings van die liberale president van die ZAR, Thomas François Burgers. Dit het die meer konserwatiewe burgers baie ontstel, veral die lede van die Gereformeerde (Dopper-) Kerk, o.a. Paul Kruger. Hy het gesê hy vrees dat die "Christendom sal ondergaan" en het byna by die eerste trekgeselskap aangesluit, maar toe tog besluit om in Transvaal te bly en 'n "suiwer" kerk daar te help bou. Die trek self het op byna volslae rampspoed uitgeloop. Sowat 500 tot 600 mense het Pretoria en Rustenburg tussen 1874 en 1880 verlaat. Hulle het tot in Suidwes-Afrika en Suid-Angola getrek. Tussen 250 en 300 mense het tydens die trek omgekóm of na Transvaal teruggekeer.

VAN “TAKHAAR” TOT PRESIDENT

Paul Kruger was bekend vir sy liggaamskrag en dapperheid en het 'n reputasie gehad as 'n bekwame militêre bevelvoerder en onderhandelaar met swart hoofmanne. As gevolg van sy gebrekkige formele opvoeding en sy ingewortelde konserwatisme het die meer progressiewe faksies in die ZAR hom as kandidaat vir die presidentskap verwerp. Hy was 'n Dopper (lid van die Gereformeerde Kerk) en het meestal die kort swart baadjie eie aan die Doppers gedra.

De Volksstem, Pretoria se Nederlandse koerant, het gesê dat “dit 'n bron van ewige skande” vir die ZAR sou wees indien Kruger tot president verkies sou word. Die Kaapse politikus John X. Merriman het hom as 'n blote takhaar beskou, maar vir die bekende Britse skrywer John Buchan het hy 'n “kwasterige luister” uitgestraal. James Bryce het hom beskou as iemand wat “uitgeslape, koelkop, koppig, behoedsaam en dapper” is en “die eienskappe van sy mense versinnebeeld”. Hy het gesê “Kruger sal die staatsmanne van Europa met hul eie wapens kan uitoorlé ... want sy opleiding is volledig van 'n veelbewoë lewe afkomstig en nie uit boeke nie”. En so het ook die opgevoede en verfynde geneesheer en Afrikaanse digter C. Louis Leipoldt hom beskryf as 'n “stoere, ru-gebeitelde, primitiewe ou heer met 'n aangebore hofflikheid, 'n welluidende en kragtige stem, en 'n ryk en kragdadige woordeskat”.

Terwyl hy die leiding met persoonlike dapperheid, sterk oortuigings en driftige welsprekendheid geneem het, het Kruger die boodskap uitgedra dat, sonder republikeinse onafhanklikheid, die ZAR-Afrikaners nie as 'n volk met 'n eie taal, oortuigings en bestaansmiddele sou oorleef nie.



Paul Kruger

van Carnarvon se gediskrediteerde federasieskema aan die ZAR vas te klou nie. Anneksasie sou nie slegs nutteloos gewees het om 'n federasie te verkry nie, maar ook anti-imperialistiese gevoelens in Boeregemeenskappe oor die hele Suid-Afrika aangewakker het. Om aan die eise van die ZAR te voldoen en tog 'n mate van eer te red, het Brittanje die formule van “susereiniteit” aangegryp waarvolgens hy belangrike seggenskap in die ZAR se buitelandse beleid en “naturellesake” sou behou.

Die ZAR het in 'n veel beter toestand herry. Die Britse administrateurs het die chaotiese finansies en gebrekkige administratiewe masjinerie getransformeer. 'n Afsonderlike departement van naturellesake het gesentraliseerde rigting aan plaaslike amptenare gegee oor hoe om belasting in te vorder en swart arbeid te verkry.

Paul Kruger is in 1883 tot president verkies. Hy het geglo dat slegs 'n republikeinse verbondenheid as teenvoeter kon dien vir Britse imperialisme en vir die Kaapse Afrikaners se aanvaarding van koloniale nasionalisme. In die ontwikkeling van sy republikeinse ideologie het hy die historiese skakels tussen die Voortrekkers se heldedade en die triomf van die rebellie beklemtoon, asook dié tussen die burgers se godsdienstige en politieke identiteit. Die herdenking van hierdie gebeurtenisse op die hooffees by Paardekraal was 'n grootse politieke én godsdienstige geleentheid.

Hoewel hy toenemend as leier gerespekteer is nadat hy president geword het, het Kruger in die eerste drie jaar gesukkel om die staat op te bou. Hy kon nie daarin slaag om die Kaapkolonie te oorreed om doeanebelasting op ZAR-goedere te verminder nie. Dit het die weg voorberei vir 'n langdurige konflik tussen hom en twee leidende Kaapse politici, Cecil John Rhodes en J.H. (Onze Jan) Hofmeyr. Rhodes het grootse ideale gekoester om die Britse invloed oor die hele Afrika uit te brei en Suid-Afrika onder die Britse vlag te verenig (kyk kassie), terwyl Hofmeyr in die eerste plek belang gestel het in die bevordering van die belange van die Kaap en van sy kiesers. Kruger het deur die republiek heen gereis en die burgers aangespoor. Daar sal beslis hulp kom, het hy gesê, en in 1886 het dit gekom met die ontdekking van die ryk goudrivwe aan die Witwatersrand.

Met 'n paar kwashale skilder die historikus C.W. de Kiewiet die impak van goud op die republiek se inkomste: “In 1884 was die Transvaal skaars solvent; drie jaar later, in 1887, het sy inkomste van £638 000 dié van Natal benader; nog twee jaar later was sy inkomste van £1 500 000 warm op die hakke van dié van die Kaap. Vir elke teensinnige pond wat die ZAR in 1883 gehad het om uit te gee, het dit £25 gehad.”

Kruger se hervormingsmaatreëls en die kritiek daarop

Min state, en veral dié wat soos die ZAR oorwegend landelik en agterlik was, sou maklik met die paddastoel-groei van 'n stad soos Johannesburg en die geweldige instroming van immigrante kon huishou. Tog het die republiek merkwaardig goed daarin geslaag om 'n behoorlike plaaslike bestuur vir Johannesburg en die ander dorpe te prakseer deur oorwegend bekwame amptenare aan te stel om dit te administreer. Derhalwe was dit moontlik dat kapitaal onbelemmerd die kolonie kon binnevloei, om 'n geringe belasting van slegs 5% op die verklaarde winste in te stel en om 'n doeltreffende mynboueregulasie uit te vaardig. Met die inkomste uit die mynbedryf het die ZAR spoorwegverbindings met hawens gebou en die paaie verbeter. Genoeg voedsel het Johannesburg bereik om die vinnig groeiende bevolking te voed.

Daar is twee kwessies waaroor Kruger se kritici hom bygekom het: sy proteksionistiese ekonomiese beleid en die stemreg. Nog voor goud ontdek is, het Kruger 'n plan vir industrialisasie aanvaar waardeur die staat se ekonomiese onafhanklikheid vergroot sou word. Dit het aan individue of maatskappye die uitsluitlike reg gegee om artikels soos drank, seep, stene, leer en dinamiet te produseer, gesteun deur beskermingstariewe. Sy beleid sou sinvol kon wees in 'n landelike samelewing wat besig was om sy eie vervaardigingssektor te ontwikkel, maar nie in 'n snel groeiende goudeconomie nie.

Die mynbedryf, wat vasbeslote was om koste aan bande te lê, het luidkeels beswaar gemaak teen die hoë spoorwegtariewe, die prys van dinamiet, korrupsie en die tekort aan swart arbeid. Kruger se geneigdheid om konsessies en betrekkings aan onbekwame familieleden, vriende en ondersteuners te gee, het sake vererger.

Kort ná die ontdekking van goud het duisende fortuinsoekers die ZAR begin binne-stroom. Om te voorkom dat hierdie “Uitlanders” die mag deur die stembus verkry, het

RHODES, HOFMEYR EN KRUGER

Van vroeg in die 1880's het Cecil John Rhodes die guns probeer wen van die Afrikaner Bond as die grootste blok in die Parlement. Hy het Jan Hofmeyr gesteun om die swart stemreg in te perk, die invoer uit Engeland van sekere produkte te dwarsboom en gelykberegting vir Nederlands te verkry – volgens hom was dit 'n "groot tekortkoming" om net een taal te ken. Die twee leiers het ook ooreengekom om hulle vir 'n verenigde Suid-Afrika onder die Britse vlag te beywer, met die Kaapkolonie as die dominante mag.

Daarteenoor het Paul Kruger vir 'n staat vry van Britse inmenging geveg. Hy wou hê dat sy staat na die weste uitbrei, maar Rhodes was onder diegene wat hom in 1885 gedwarsboom het deur Betsjoeland in te palm. Nadat Kruger vir Rhodes ontmoet het, het hy gesê: "Die renperd is vinniger as die os, maar die os kan 'n groter vrag trek. Ons sal sien."

Intussen het Kruger gehoop hy sou toegelaat word om ooswaarts na die see uit te brei. Toe Hofmeyr drie jaar later na Pretoria reis om vir Kruger te sê dat hy nie op Swaziland aanspraak kon maak voordat die ZAR deel van 'n doeane-unie geword het wat tariewe bepaal nie, het Kruger hom in die openbaar toegesnou: "Jy's 'n verraaiër, 'n verraaiër van die Afrikanersaak."

Die oopstel van die ryk goudvelde van Johannesburg het aan Kruger die oorhand besorg. Die Kaap was nou baie gretig om 'n doeane-unie te vorm wat die republiek en kolonies in 'n gemeenskapsmark sou saamsnoer. Kruger het 'n doeane-unie afgewys en strawwe tariewe op Kaapse goedere gehef. Hy was vasbeslote om nie die uitbreiding van spoorlyne vanaf die

kolonies na die ZAR toe te laat voordat 'n ZAR-lyn na Delagoabaai voltooi is nie.

Hofmeyr en Rhodes het besef dat Kruger se beleid die unifikasie van Suid-Afrika onder die Britse vlag onbepaald sou uitstel. Rhodes het besluit om van Kruger ontslae te raak, maar 'n stilswyende verstandhouding met die Bond gehad dat hy nie kwessies sou aanroer wat vir die Afrikaners van groot belang is sonder om eers vir Hofmeyr te raadpleeg nie.

In 1889 het Rhodes die British South African Company (BSA) gestig as die middel waardeur hy Rhodesië (tans Zimbabwe) tot stand kon bring. Hy het in 1890 met die hulp van die Bond die eerste minister van die Kaapkolonie geword en was dus in 'n goeie posisie om sy doelwitte te verwesenlik. *De Zuid-Afrikaan* het geswig voor Rhodes se vleierey dat uitbreiding 'n imperiale projek vir die Afrikaners sowel as vir die Engelse was,

en in 1890 verklaar: "Onder die Britse vlag en met behulp van Britse kapitaal marsjeer ons na die noorde."

Die Bond het Rhodes se strewe gesteun om die diamantmonopolie van De Beers Consolidated te handhaaf en hom toegelaat om as eerste minister sowel as voorsitter van die BSA te dien. Die leierskap van die Bond is spoedig by aantygings van korrupsie betrek: Dit kan nouliks toeval wees dat van die Bond se leiers juis in daardie stadium aansienlike aandeelhouing in De Beers en die BSA bekom het.

Die Kaapse Afrikaners was nou wat 'n 20ste-eeuse historikus as die "ideale voorafvervaardigde meelopers" beskryf het. Maar Rhodes het hulle verloën deur planne te smee vir die ondergang van Kruger en die ZAR. Hofmeyr het dit as persoonlike verraad beskou deur 'n man in wie hy 'n diepe vertrouë gehad het.



Tekeninge van delwers aan die werk in die beginjare van die Witwatersrandse goudmynbedryf.

Kruger se regering die tydsverloop vir verkryging van stemreg in 1890 van een jaar tot 14 jaar verleng. 'n Tweede Volksraad is ingestel om die Uitlanders te verteenwoordig. Dit het die fokus van al die wrewel van die immigrantebevolking geword.

Kruger se vernaamste opposisie van Afrikanerkant was 'n faksie wat as die Progressiewe bekend was en die spoedige modernisering van die republiek voorgestaan het. Hulle het kmdt.genl. Piet Joubert as leier gehad en gedurende die 1880's intelligente, ondernemende manne soos Louis Botha, J.H. (Koos) de la Rey, Carl Jeppe, Ewald Esselen en Schalk Burger ingesluit. Hulle het wanbestuur, korrupsie, die konserwatiewe opvoedkundige stelsel en Kruger se bekrompe benadering beveg. Die Progressiewe het die steun van omtrent 'n derde van die verkose verteenwoordigers in albei huise van die wetgewende mag gehad. In die presidentsverkieping van 1893 het Kruger vir Joubert net-net verslaan. Die

DIE KONSESSIEBELEID VAN DIE KRUGER-REGERING

In 1881 het die regering van die ZAR onder pres. Paul Kruger 'n beleid van konsessies of monopolieë ingestel. Dit het beteken dat die reg om sekere goedere en dienste te lewer, slegs aan een private individu of maatskappy toegeken is. Die oogmerk was om ekonomiese ontwikkeling te bevorder met individue se kapitaal en tegniese en bestuursvaardighede. So het vooraanstaande burgers konsessies gekry om water, gas of elektrisiteit in die stede te verskaf.

Vanaf die ontstaan van die mynboubedryf aan die Rand in 1886 was daar beskuldigings van te hoë pryse, ondoeltreffendheid en korrupsie teen die monopolieë wat openbare dienste gelewer het. Ekonomiese gesproke was die belangrikste van hierdie konsessies waarskynlik dié oor alkohol, dinamiet en die spoorweë.

In 1881 is die drankkonsessie aan Alois Nellmapius, 'n vriend van Kruger, toegeken in ruil vir 'n jaarlikse betaling van £1 000. Met die ontstaan van 'n reusagtige mynwerkersbevolking aan die Rand, aan wie groot hoeveelhede drank verkoop is, het Nellmapius kolossale winste gemaak. Die drankkonsessie is egter in 1892 na die vennootskap van Sammy Marks en Isaac Lewis oorgedra, wat voortgegaan het om reusewinste te maak.

Die dinamietkonsessie is in 1887 aan Edward Lippert toegeken. Dit het bepaal dat hy die grondstowwe uit Europa sou

invoer, maar die dinamiet plaaslik sou vervaardig. Alhoewel hy die ooreenkoms verbreek het deur die eindproduk uit Europa in te voer, het die regering nie teen hom opgetree nie. Die myneienaars het gekla dat die dinamiet van 'n swak gehalte was en dat dit vir 'n golf mynongelukke verantwoordelik was. Weer eens het die regering nie opgetree nie.

Lippert het voortgegaan om dinamiet in te voer, en die aantal mynongelukke het die hoogte ingeskiet. Die regering het uiteindelik geswig en Lippert se kontrak in Augustus 1892 herroep, maar verdragings met die toekenning van 'n nuwe konsessie het tot 'n ernstige tekort aan dinamiet gelei, wat op sy beurt die wrewel van die mynmaatskappye aangeblaas het.

In 1894 het die Anglo-Duitse Nobeltrust 'n monopolie vir die vervaardiging van dinamiet, buskruit, ammunisie en plofstowwe verkry. Die mynbase het aanhou kla dat hulle veel meer vir dinamiet betaal as wat dit in 'n vryemarkstelsel sou kos. Bowendien het die meeste van die winste uit die verkoop van dinamiet aan die myne na Europa, in plaas van na die ZAR-regering, gegaan. Herhaalde versoeke deur die Kamer van Mynwese en die Britse regering dat die ZAR die konsessies skrap, is geïgnoreer. In plaas daarvan is die dinamietkonsessie vir 'n verdere vyftien jaar hernu. Die regering was onwillig om die konsessiebeleid te skrap, gedeeltelik om-

dat sekere individue finansiëel by aandele en omkoopgeld baat gevind het. Die dinamietmaatskappy was ook 'n belangrike bron van inkomste vir die regering.

'n Ewe belangrike konsessie was die een wat vir die aanlê van spoorlyne toegestaan is. Toe goud in 1886 ontdek is, was die streek wat binnekort as die Rand bekend sou word, nog sonder spoorlyne. Alle vervoer het met ossewaens geskied. Dit was duidelik dat 'n spoornetwerk dringend vir die ontwikkeling van die mynbedryf nodig was. In 1887 is die konsessie om spoorweë vir die ZAR te bou, aan die Nederlands-Suid-Afrikaanse Spoorwegmaatskappy (NZASM) toegeken. Kruger het daarop aangedring dat die NZASM 'n spoorlyn van Delagoabaai na die Rand bou voordat spoorweë vanaf die suidelike hawens die Rand kon bereik. Maar vordering is deur verdragings en finansiële probleme in die wiele gery. Daarom het die Kaapse regering eerder spoorwegkonstruksie vanaf die Kaap gefinansier. Teen 1890 het spoorlyne vanaf die kus begin om tot naby die grense van die ZAR en die Oranje-Vrystaat te vorder.

Hierdie langdurige konflik tussen die mynmagnate en die Kruger-regering oor monopolieë, en dan veral oor die dinamietkonsessie, was een van die redes wat deur die Britse administrasie aangevoer is vir die oorlog teen die ZAR in 1899.

OORKANT BO: *Thulemela in Limpopo was 600 jaar gelede 'n bloeiende vesting. Die illustrasie toon die graf van vermoedelik 'n vername vrou, wie se stoflike oorskot met juweliersware van goud versier was.*

OORKANT MIDDEL: *Die Mapungubwe-heuwel in Limpopo met sy asemrowende uitsig is nou 'n Wêrelderfenisterrein. Die nedersetting op die heuwel was die middelpunt van 'n koninkryk met 'n bevolking van 5 000 wat handel gedryf het in ivoor, koper en goud.*

Progressiewe het ook 'n aansienlike verlaging van die stemregkwalifikasies geëis, want hulle was oortuig dat die Uitlanders se aandrang op stemreg slegs 'n bluffery was en dat hulle nie hul Britse burgerskap sou opoffer om te kan stem nie. Maar hoe bereid Kruger ook al was om die staat te moderniseer, by die stemreg het hy sy voet dwars gesit. Teen hierdie tyd was daar sowat 44 000 wit vreemdelinge in die ZAR, van wie 28 000 van buite Suid-Afrika afkomstig is. Volgens party skattings was daar meer van hierdie manlike uitlanders as wat daar stemgeregtigde burgers was.

Kruger self het geglo dat daar 60 000 tot 70 000 Uitlanders en ongeveer 30 000 burgers was. Persepsie was al wat getel het. Behoorlike hervorming van sowel die stemregkwalifikasies as 'n toegewing oor die prys van dinamiet sou die agitاسie teen die ZAR grotendeels ontloot het. Maar Kruger het hardnekkig geweier om sy standpunt te verander.

Kruger se teësinigheid om die stemreg te hervorm het die skuifmeul vir Britse aggressie geword onder aanvoering van Joseph Chamberlain en Alfred Milner. Die rede waarom hulle oorlog wou hê, was nie soseer omdat Kruger onversetlik was en versnelde ontwikkeling gedwarsboom het nie, maar juis omdat hy insiklik en pragmaties oor die meeste kwessies was en intelligente nuwe manne aangestel het om sy administrasie te moderniseer. Aan homself oorgelaat, sou die ZAR Suid-Afrika binne afsienbare tyd oorheers het. Dit was 'n vooruitsig wat Milner moes verhoed, selfs al het dit oorlog beteken.